# KLIPSPRINGER ROETE - KOGELBAAI 2020

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ROETE:** | KLIPSPRINGER ROETE | **DATUM:** | 29-01-2022 |

**KOMMENTAAR**

Die maklike kombinasie van berg en see stap begin met n 50m klim en al 15 stappers is sommer vinnig bo waar ons eers asem skep met n lieflike uitsig oor Kogelbaai, met Kaappunt wat ook in die mis sigbaar is. Die paadjie loop dan kronkelend teen die voet van die berg totdat ons die jeeptrack na die dam kry. Ons draai dan regs af om by die see uit te kom. Eers moet ons die grootpad kruis en kruip ons dan om 'n paal teen die heining en hek van Klippiesbaai waar ons op die rotse gaan sit vir ontbyt. Ons begin dan die los sand van Kogelbaai aandurf. Die verskillende bloue van die see skep 'n pragtige prentjie. Groterige klippe sorg vir so bietjie mooi trap totdat ons anderkant by Dappat se gat uitkom. Hier is paar dapperes wat die kruis strome, koue water en rowwe see trotseer. Die ander kruip rond in die grotte en neem ook klomp fotos. Niel vertel van die legende van Dappat se gat waarna ons begin terug stap. Van ons moet rats om die rotse hardloop om die branders met hooggety wat intussen ingekom het vry te spring. Ons loop weer oor die klippe en stap dan op om die kampterein se pad te vind vir koelte. Ons was nie eerste daar nie en moet die pad deel met 'n hele trop bobbejane. Terug by die hoof hek van die kamp terrein groet ons en keer almal terug huis toe. Dankie aan al die stappers vir lekker gesels en opvang van stories. Dankie ook aan Niel en Sharon vir die reël en leiding van hierdie stap. Meters gestyg - 131m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Niel Visser | 2022006 | R 5 | 8 | |
| Sharon Visser | 2022005 | R 5 | 8 | |
| Chris Myburgh | nie lid | R 10 | 8 | |
| Madri Myburgh | nie lid | R 10 | 8 | |
| Miranda Myburgh | 2022062 | R 5 | 8 | |
| Brenda Sideratos | 2022041 | R 5 | 8 | |
| Werner Booyens | 2022042 | R 5 | 8 | |
| Edna Terblanche | 2022010 | R 5 | 8 | |
| Kobus Terblanche | 2022011 | R 5 | 8 | |
| Freddie Pohl | 2022060 | R 5 | 8 | |
| Susan Pohl | 2022061 | R 5 | 8 | |
| Amanda Matthee | 2022015 | R 5 | 8 | |
| Sandy George | 2022068 | R 5 | 8 | |
| Sandra Wellen Daisy | nie lid | R 10 | 8 | |
| Jane Horne | nie lid | R 10 | 8 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 95** | **120** | |

| | |
|---|---|
| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | Amanda Matthee |
| **ITEMS GEBRUIK:** | Geen |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| | |
|---|---|
| **VERSLAG DEUR:** | Sharon Visser |